higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N600**(A)**(N26)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6

(4090506)

26 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Trek 'n streep dwarsoor die bladsy na voltooiing van elke vraag.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Gebruik fisiese eenhede waar nodig.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: MEGANISERING EN BOUBESTUUR

1.1 Noem VYF koste betrokke by die besit en gebruik van plaastoerusing. (5)

1.2 Noem en verduidelik VYF redes waarom boere meganiseer. (10)

1.3 Wat is die voor-en nadele betrokke by die besit van tweedehandse plaastoerusting teenoor nuwe plaastoerusting? Onder watter omstandighede is die gebruik van tweedehandse toerusting meer gepas? (8)

1.4 Noem enige SES aspekte wat in ag geneem moet word wanneer die oprigting van 'n nuwe gebou beplan word vir boerderydoeleindes. (6)

1.5 Onder watter omstandighede is dit beter om 'n nuwe implement aan te skaf eerder as om dit te huur? (6)

1.6 Veronderstel die volgende inligting is beskikbaar ten opsigte van 'n nuwe trekker.

Kosprys	R300 000
Verwagte diensleweringstydperk	10 jaar
Herwinningswaarde ná 10 jaar	10 % van kosprys
Geskatte jaarlikse gebruik	1 200 uur
Alternatiewe koste	15 % per jaar
Versekering	R20 000 / jaar
Herstel en onderhoud	R25 / uur
Diesel	R14 / uur
Arbeid	R12 / uur

Veronderstel ook dat die trekker jaarliks gebruik word om 500 hektaar mielies te oes.

Bereken die volgende: (DUI ALLE BEWERKINGE AAN.)

1.6.1 Vaste koste geassosieer met die trekker per jaar (6)

1.6.2 Wisselende koste per jaar geassosieer met die trekker (4)

1.6.3 Totale koste per jaar geassosieer met die trekker (2)

1.6.4 Totale koste per hektaar (3)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: DIE REG OM GROND TE GEBRUIK

2.1 Wat is die mees algemene tipe ooreenkomste tussen deelnemers in 'n gesamentlike boerderyonderneming? (5)

2.2 Dui kortliks die stappe aan wat gevolg moet word wanneer winste in 'n vennootskap gedeel moet word. (8)

2.3 Noem en verduidelik enige VIER basiese tipes verhuringsooreenkomste. (12)

2.4 Mukosi and Aluwani bestuur gesamentlik 'n boerderyonderneming as 'n vennootskap by Mashamba. Hulle onderskeie bydraes tot die onderneming is as volg:

	Kapitaalbydraes	Arbeidsbydraes per jaar
Mukosi	500 000	400 hours
Aluwani	300 000	1 200 hours

Volgens hulle onderneming sal kapitaalbydraes van vennote verged word teen 10% rente per jaar en arbeid teen R10 per jaar. Vir die betrokke jaar beloop die wins R200 000.

Bereken die volgende: (Dui alle bewerkinge aan.)

2.4.1 'n Bepaalde waarde vir elke vennoot se kapitaal- en arbeidsbydraes.

2.4.2 Mukosi se deel van die wins indien die wins verdeel word in verhouding tot die kapitaal en arbeidsbydraes van elke vennoot.

2.4.3 Elke vennoot se deel van die wins indien kapitaal en arbeid gekompenseer word teen voorafbepaalde tariewe en die balans van die wins gelykop verdeel word tussen die vennote.

(3 × 5) (15)

2.5 'n Sekere boer oorweeg om 'n plaas te koop. Die plaas kan moontlik 'n netto inkomste van R250 000 per jaar lewer indien sekere verbeteringe van ongeveer R70 000 aangebring word. Die boer wil R100 000 van die plaasinkomste per jaar gebruik vir oorlewing.

Indien die kapitaliseringskoers van 12% toegepas word, bereken die plaas se prys gebaseer op die inkomstepotensiaal. (6)

2.6 Voor die aangaan van 'n huurooreenkoms is daar 'n aantal faktore wat oorweeg moet word om toekomstige geskille en misverstande tussen vennote te beperk.

Gee enige VIER voorvereistes vir 'n suksesvolle huurooreenkoms. (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: DIE ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN BOERDERYRESULTATE

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Die opbrengskoers op die totale kapitaal na belasting word bereken deur die netto boerderyinkomste voor belasting uit te druk as 'n persentasie van die gemiddelde totale kapitaal wat tydens 'n spesifieke tydperk in die boerderyonderneming aangewend is.

3.1.2 In die ontleding van 'n boerderyonderneming se opbrengskoerse, is die wins wat in 'n spesifieke tydperk deur die boerdery gegenereer is, verwant aan die kapitaal wat aangewend is om daardie wins te genereer.

3.1.3 Die opbrengskoers op die totale kapitaal voor belasting is 'n nuttige kriterium om die doeltreffendheid en winsgewendheid van die boerdery te bepaal.

3.1.4 Die eienaar se opbrengskoers voor belasting word bereken deur die boerderywins voor belasting uit te druk as 'n persentasie van die gemiddelde eie kapitaal wat gedurende die tydperk onder oorweging in die boerderyonderneming belê is.

3.1.5 Die koste van buitelandse kapitaal voor belasting word bereken deur die vergoeding wat vir 'n spesifieke tydperk aan die verskaffers van buitelandse kapitaal betaalbaar is, uit te druk as 'n persentasie van die gemiddelde buitelandse kapitaal wat gedurende die spesifieke tydperk aangewend is.

3.1.6 Die nabelasting-opbrengskoerse en koste van buitelandse kapitaal is nie van kardinale belang vir die ontleding en interpretasie van die finansiële resultate van 'n boerderyonderneming nie.

3.1.7 Die kapitaalomsetsyfer ('capital turnover ratio') gee 'n aanduiding van die doeltreffendheid waarmee die boerderyonderneming die kapitaal wat dit tot sy beskikking het, in die produksieproses aanwend.

3.1.8 Langduring probleme met winsgewendheid in 'n spesifieke boerderyonderneming kan dikwels teruggevoer word tot die onekonomiese grootte van die onderneming.

3.1.9 Die grootte van die boerderyonderneming is die enigste faktor wat winsgewendheid bepaal.

3.1.10 Veegetalle is 'n redelike betroubare groottekriterium vir veeboerderyondernemings, mits die verskillende soorte veeboerderye in dieselfde distrik of streek vergelyk word.

(10 × 2) (20)

3.2 Gee die algemene formule vir elk van die volgende doeltreffendheidsmetings ('efficiency measurements'):

3.2.1 Opbrengskoers op totale kapitaal voor belasting

3.2.2 Die eienaar se opbrengskoers voor belasting

3.2.3 Koste van buitelandse kapitaal voor belasting

3.2.4 Koste van buitelandse kapitaal na belasting

3.2.5 Kapitaalomsetsyfer ('Capital turnover ratio')

3.2.6 Leningsdiensverhouding ('Debt servicing ratio')

3.2.7 Verhouding tussen fisiese opbrengs en fisiese mannekraginsette

3.2.8 Doeltreffendheid van toerusting

3.2.9 Doeltreffendheid van gewasverbouing ('crop cultivation')

3.2.10 Verhouding tussen werknemervergoeding en bewerkte area ('cultivated area')

(10 × 2) (20)

3.3 Gee enige VYF maatstawwe wat gebruik kan word om die doeltreffendheid van veeproduksie te evalueer. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4: DIE GEÏNTEGREERDE BOERDERYBEGROTINGSTELSEL

4.1 Dui die algemene komponente (aspekte) van die boer se bestuursvaardighede (sterk en swak punte) aan wat hy/sy moet oorweeg of deeglik oor moet reflekteer voor hy/sy planne (strategieë) opstel vir die boerderyonderneming in die toekoms. (14)

4.2 Die interne omgewing (beskikbare hulpbronne) speel 'n kritieke rol in die ontwikkeling van 'n strategie vir die boerderyonderneming.

Gee enige VIER aspekte waarna *'interne omgewing'* verwys in die geval van 'n boerderonderneming. (4)

4.3 Noem enige VIER ander ondersteuningsbegrotings wat gebruik kan word om 'n geïntegreerde plaasbegroting op te stel. (4)

[22]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: BELEGGING VAN FONDSE

5.1 Noem enige VIER voordele verbonde aan effektetrusts. (8)

5.2 Verduidelik kortliks wat bedoel word met elke van die volgende terme wanneer daar besluit moet word tussen verskillende beleggingsalternatiewe.

5.2.1 Belasting (2)

5.2.2 Veiligheid (3)

[13]

VRAAG 6: BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE

Mukosi wil 'n pomp en 'n filter vir besproeiing koop. Hy het drie kwotasies gekry. BTW is deur die SAID op 14% gestel.

6.1 Bereken die totale koste vir elk van die volgende pompe:

6.2 Waterworks se kwotasie was R52 000, 00, BTW ingesluit. Geen afslag word gegee nie. (2)

6.3 Easy-Water se kwotasie was R40 000, 00, BTW uitgesluit. Geen afslag word gegee nie. (4)

6.4 Oasis-Co se kwotasie was R47 000, 00, BTW uitgesluit. Afslag van 10% word gegee vir kontant. (7)

6.5 Watter EEN van die drie pompe waarvoor kwotasies gegee is, sal vir Mukosi die beste opsie wees om te koop? Motiveer jou antwoord. (2)

[15]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou